
*Communicare 6(2):5-13*

# Kommunikasie(-kunde) in Suid-Afrika: Enkele behoeftes en Toekomsperspektiewe

## H C Marais

**THIS article represents a review of trends in the development of Communication as academic discipline in South Africa. Salient results of a number of surveys are the following: (a) large number of students have graduated over the past ten years (B degrees = 3279; Honours = 489; Masters = 82 and at least 22 doctorates). Wide differences in post-graduate penetration between universities are also noticeable (see tables 1 and 2; (b) Mass communication is at present the single most frequently offered course in university communication curricula while theory and methodology as independent communication courses figure fairly prominently. Speech and interpersonal communication are not salient in university courses (see figure 1); (c) Since 1980 a total of 182 research projects in communication have been completed. As in the case of teaching, mass communication has been the most popular field of research. In contrast hardly any research on methodological problems have been undertaken over the past seven years (see figure 2); (d) Analysis of applications by communication students and researchers for financial support from the HSRC indicated that their success rates have been lower than comparable disciplines (see figure 3). Against the background of the importance and relevance of communication to contemporary South African society the paper concludes with a number of interpretations and future challenges.**



*H C Marais*

*Dr. H.C. Marais is Adjunk-President van die R.G.N. Hierdie artikel is gebaseer op 'n referaat gelewer by die 1987 SAKOMM-kongres.*

(Referaat gelewer by die Tiende Kongres van die Suider-Afrikaanse Kommunikasievereniging, Johannesburg, 4 September 1987)

Die tema van die kongres is *kommunikasie*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

*en die Suid-Afrikaanse realiteit.* Inderdaad is dit 'n besonder gepaste en aktuele tema wat boonop baie goed en van verskillende kante af deur die verskillende bydraes toegelig is. Waar hierdie bydrae die laaste een op die program is, het dit my sinvol gelyk om die tema van die ander kant af te benader, naamlik hoe kommunikasiekunde daar uitsien, gegewe die Suid-Afrikaanse realiteite. Sodoende behoort dit moontlik te wees om die sterk en swak punte van kommunikasiekunde te identifiseer met die oog daarop om sinvolle bydraes te lewer tot die verdere ontwikkeling van die dissipline *en* die gesprek oor oplossings van die eietydse probleem in Suid-Afrika.

Ook van 'n ander kant af beskou, is dit miskien gepas om vandag 'n kort voorraadopname te maak. Kommunikasiekunde is naamlik in die proses om as universiteitsdissipline in Suid-Afrika mondig te word. Ongeveer dertig jaar gelede het die Potchefstroomse Universiteit en ongeveer twintig jaar gelede het die Universiteit van Suid-Afrika die eerste versigtige treë geneem om Kommunikasiekunde — weliswaar in die vorm van Perswetenskap/Joernalistiek — aan te bied. Verder is die Suider-Afrikaanse Kommunikasievereniging 10 jaar gelede, naamlik op 14 September 1977, gestig. Om hierdie ontwikkeling te beseël is die vereniging se amptelike tydskrif *COMMUNICARE* pas amptelik deur die Raad vir Wetenskaplike Tydskrifte as vaktydskrif erken.

In die lig van voorgaande ontwikkelings is dit gepas om by geleentheid van die tiende SAKOMM-kongres kortliks stil te staan by die plek en rol van Kommunikasiekunde binne die konteks van die hedendaagse Suid-Afrikaanse problematiek. Weliswaar is hierdie voorraadopname op 'n bepaalde wyse aangepak. Die klem val naamlik op die plek en rol van Kommunikasiekunde *as wetenskap* en sy potensiële of reële bydrae tot die ondersoek van kernprobleme waarmee Suid-Afrika vandag worstel. Eerstens is enkele van die knellendste probleme in Suid-Afrika geïdentifiseer waarna die potensiële relevansie van Kommunikasiekunde ten opsigte van hierdie probleme aangetoon word. Hierna volg 'n oorsig van die omvang, aard en status van Kommunikasiekunde in Suid-Afrika om laastens by enkele gevolgtrekkings en vooruitskouings te eindig.

Dit is nodig om reeds aan die begin te stel dat hierdie voorraadopname eensydig is in soverre as wat die fokus val op kommunikasiekunde aan Suid-Afrikaanse universiteite. Waar technikons 'n jaar of ses gelede eers eksplisiet 'n navorsingsmandaat ontvang het, sou dit onbillik gewees het om technikons or dieselfde kam te skeer. Hiermee word egter hoegenaamd nie ontken dat belangrike werk reeds in kommunikasiekunde aan Suid-Afrikaanse technikons gedoen word nie.

## Eietydse uitdagings

Daar sal waarskynlik min verskil van mening wees oor die stelling dat kommunikasie in 'n groot aantal van die knellendste eietydse probleme in Suid-Afrika 'n rol speel. Alhoewel dit 'n artikel in eie reg sou behels om hierdie probleme te identifiseer, val enkeles duidelik op:

— Die toekoms en toename van kommunikasietegnologie en die ekonomiese, maatskaplike, opvoedkundige, en ander implikasies hiervan op verskillende dele van die samelewing.

— Die invloed van industrialisasie, modernisasie en verstedeliking op die samelewing.

— Die evolusie en aktualisering van arbeidsverhoudinge met die gepaardgaande eise wat aan onderhandeling, bediening en dergelike prosedure gestel word.

— Veranderende patrone van tussenpersoonlike en tussengroepverhoudinge.

— Politieke en konstitusionele veranderinge in Suid-Afrika.

Alhoewel minstens baie fasette van hierdie probleme lank reeds voorspel is en daarom voorsien kon word, is die ongelukkige feit van die saak dat Suid-Afrika oor die algemeen besonder swak voorbereid is vir die hantering van probleme soos hierbo genoem. Die *RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge* (Hoofkomitee, 1985) het byvoorbeeld aangetoon dat:

— Die minimum kommunikasie tussen lede van verskillende bevolkingskategorieë in Suid-Afrika plaasvind.

— Die verskillende bevolkingskategorieë



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

se blootstelling aan die massamedia is asimmetries met al die disfunksionele gevolge, soos versterking van stereotipes, wat daarmee gepaard gaan.

— Weinig gespesialiseerde kommunikasiefasiliteerders is in Suid-Afrika beskikbaar.

— Prakties geen onderrig in interkulturele kommunikasievaardighede word in Suid-Afrikaanse skole aangebied nie.

Trouens, dieselfde ondersoek het op 'n oortuigende wyse tot die gevolgtrekking gekom dat isolasie en insulasie tussen groepe 'n grondliggende probleem in die weg van normalisering van verhoudinge is. Dit behoef seker geen redenasie om 'n noue verband tussen isolasie en insulasie aan die een kant en gebrekkige kommunikasievaardighede aan die ander kant te bewys nie.

In verdere navorsing na aanleiding van die *RGN-ondersoek na Tussengroepverhoudinge*, het Marais (1987) aangetoon dat juis die feit dat verandering, oftewel hervorming, nie as 'n funksie van deelname — dus gelykvlakkige kommunikasie en onderhandeling — beleef word nie, waarskynlik een van die belangrikste redes is waarom destruktiewe konflik nog nie afgeneem het nie. En dit ten spyte van 'n betreklik wye spektrum van belangrike veranderinge wat oor die afgelope aantal jare in ons samelewing plaasgevind het. Trouens, Marais het tot die gevolgtrekking gekom dat solank bepaalde kommunikasievoorwaardes, soos geloofwaardigheid en medeverantwoordelikheid, nie gerealiseer is nie, hervorming nie sonder meer tot 'n beëindiging van die geweldspiraal sal lei nie.

Teen voorgaande agtergrond ontstaan die vraag watter bydrae Kommunikasiekunde as vakdissipline lewer om die omvangryke probleme die hoof te bied.

## Relevansie van Kommunikasie(kunde)

Kommunikasie kan omskryf word as 'n poging tot vergemeenskapliking van betekenis. Byna enige ander definisie van kommunikasie sou weliswaar ook geneem kon word en dan sou 'n ontleding daarvan toon dat die verskynsel kommunikasie intrinsiek verweefd met die konsep verhoudinge is. In Marais *et al.* (1985), is onder andere gesê:

— "Kommunikasie is 'n weerspieëling van verhoudinge. . ."

— "Kommunikasie as sodanig kan die aard en proses van verhoudinge beïnvloed. . ."

— "Veranderinge in verhoudige sal noodwendig gepaard gaan met veranderinge in die inhoud en vorm van kommunikasie" (p. 15).

Hierdie grondstellings waarmee niemand op teoretiese of empiriese of pragmatiese gronde fout sal kan vind nie, laat die verwagting ontstaan dat die bestudering van kommunikasie, dit wil sê, Kommunikasiekunde, potensieel 'n bydrae tot die eietydse Suid-Afrikaanse problematiek behoort te kan lewer. Hierdie verwagting word verder versterk wanneer 'n mens na die program van die huidige en vorige SAKOMM-kongresse kyk. Die vraag is egter of Kommunikasiekunde werklik sentrale vraagstukke aanspreek. In die volgende afdeling word daar 'n bondige oorsig van die aard en omvang van Kommunikasiekunde in Suid-Afrika gegee.

## Aard en omvang van Kommunikasiekunde

Daar bestaan verskillende hoeke waaruit na die aard en omvang van 'n vakdissipline gekyk sou kon word. Vir doeleindes van hierdie bydrae en belydende 'n eie empiriese vooroordeel, is op die volgende wyses gepoog om 'n oorsig van Kommunikasiekunde te probeer kry.

— Eerstens is aan die hand van onderwysstatistiek probeer bepaal hoeveel studente gedurende die afgelope tien jaar in Kommunikasiekunde aan Suid-Afrikaanse universiteite afgestudeer het.

— Tweedens is 'n tematiese ontleding gedoen, aan die hand van jaarboeke, van kursusse in Kommunikasiekunde aan Suid-Afrikaanse universiteite.

— Derdens is 'n ontleding gedoen van die terreine waarop daar sedert 1980 navorsingsprojekte voltooi is.

— Laastens is na die "status" van Kommunikasiekundiges op navorsingsterrein gekyk.

## Potensiële invloed

Van die afdeling Onderwysstatistiek van



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

die RGN se Instituut vir Opvoedkundige Navorsing is gegewens oor die aantal afgestudeerde studente in Kommunikasiekunde oor die afgelope tien jaar bekom. Tabel 1 bevat hierdie besonderhede. (Besonderhede vir die Universiteit van Zoeloeland was ongelukkig nie beskikbaar nie.)

Uit hierdie inligting blyk dat daar sedert 1977 minstens 3279 studente 'n eerste graad in Kommunikasiekunde verwerf het, 489 studente 'n honneursgraad, 82 'n magistergraad en mintens 22 'n doktorsgraad. Dit ly geen twyfel nie dat hierdie getalle in vergelyking met ander geesteswetenskaplike dissiplines beduidend is. Trouens 'n mens moet tot die gevolgtrekking kom dat, oor die hele spektrum van vlakke beskou, Kommunikasiekunde, minstens kwantitatief gereken, een van die belangrike universiteitsdissiplines geword het. Uit hierdie statistiek blyk dit tewens ook dat UNISA by verre die grootste aantal studente opgelewer het, naamlik ongeveer 44% van voorgaande groot totaal van 3872.

Dit blyk verder ook dat die oorgrote meerderheid van hierdie afgestudeerdes tot dusver blankes was, alhoewel daar 'n geringe maar sistematiese toename in afgestudeerdes uit die ander bevolkingskategorieë is.

Baie interessant en gegewe die fokus van hierdie bydrae, naamlik Kommunikasiekunde as Wetenskap, is van belang die vasstelling dat die penetrasie van nagraadse studente van universiteit tot universiteit verskil. Die volgende persentasies studente aan die verskillende universiteite het met 'n honneurs-, magister- of doktorsgraad voortgegaan (kyk tabel 2). So blyk dit byvoorbeeld dat die penetrasie na honneursvlak by Unisa baie laag is, maar na M- en D-vlak weer betreklik hoog. Laasgenoemde sou moontlik 'n funksie kan wees van heelparty studente van ander universiteite wat by Unisa vir 'n M- of D-graad inskryf. UOVS toon 'n betreklik konstante hoë vlak, terwyl die PU uitstaan op D-vlak.

Alhoewel geen gegewens bekom kon word oor die loopbane waarin hierdie studente tereg gekom het nie, kan 'n mens uit kommentaar van akademici aflei dat 'n redelike groot aantal wel in kommunikasierelevante beroepe staan, alhoewel dit twyfelagtig is of dit meer as 50% sal wees.

Uit die relatief groot aantal studente wat in Kommunikasiekunde afgestudeer het, sou 'n mens kon aflei dat hierdie dissipline, altans deur middel van sy studente, 'n invloed op die samelewing moes en moet uitoefen. Dit is natuurlik as aangeneem word dat die opleiding self sinvol was.

## Tematiese fokuspunte in Kommunikasiekunde

'n Tematiese ontleding is van kursusse in Kommunikasiekunde uitgevoer aan die hand

**TABEL 1**

**GRADE TOEGEKEN: 1977 — 1986**

| | EERSTE GRAAD | HONNEURS | MAGISTER | DOKTORS | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| UNISA | 1 546 | 118 | 35 | 7 | 1 706 |
| RAU | 464 | 58 | 8 | 1 | 531 |
| STELLENBOSCH | | 188 | 6 | | 194 |
| UOVS | 422 | 81 | 16 | 5 | 524 |
| RHODES | 447 | 22 | | | 469 |
| PU VIR CHO | 354 | 16 | 17 | 9 | 396 |
| FORT HARE | 46 | 1 | | | 47 |
| TOTAAL | 3 279 | 484 | 82 | 22 | 3 867 |



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

**TABEL 2**


**NAGRAADSE PENETRASIE**

| | Hons | M | D |
|---|---|---|---|
| UNISA | 7 | 29 | 20 |
| RAU | 12 | 13 | 12 |
| RHU | 5 | — | — |
| UOVS | 18 | 20 | 31 |
| PU* | 4 | 4 | 52 |
| F.H. | 1 | — | — |
| US | — | 3 | — |

* In die lig van die feit dat PU vir 'n tyd 'n vierjarige B-graad aangebied het, is die persentasie vir M op grond van die totaal in die B- sowel as honneursgrade bereken.

**FIGUUR 1**

**KURSUSSE IN KOMMUNIKASIEKUNDE**




| | |
|---|---|
| 1 = Teorieë | 7 = Spraak |
| 2 = Inleiding | 8 = Politiek |
| 3 = Massamedia | 9 = Beïnvloeding |
| 4 = Skakel | 10 = Organisasie |
| 5 = Kommunikasiereg | 11 = Klein groepe |
| 6 = Metodologie | 12 = Opleidings-kommunikasie |

van 1986/87 jaarboeke. Vir die doel van hierdie ontleding is elke afsonderlike inskrywing in 'n gegewe kursus as 'n eenheid geneem, aangesien dit nie moontlik was om enige standaard-metingseenheid te bepaal nie. Daar is egter wel aangeneem dat die variasies in metingseenhede nie tot sistematiese versteuringe in die geheelbeeld sou lei nie. Alhoewel dus hoegenaamd nie voorgegee word dat hierdie ontleding volledig is nie, gee dit nogtans 'n aanduiding van die fokuspunte in kommunikasiekundige opleiding aan Suid-Afrikaanse universiteite. Besonderhede is in figuur 1 weergegee.

Die opvallendste resultaat uit hierdie ontleding is die oorheersende aandag wat in die opleiding van kommunikasiekundiges aan massakommunikasie geskenk word. In die kategorie massa-kommunikasie is joernalistiek, spesifiek media, beeldkommunikasie, en so meer ingesluit. Voorts toon figuur 1 ook dat kursusse in beïnvloeding soos houdingsverandering, meningsvorming, oorreding, ensovoorts baie aandag ontvang.

Dit val ook op dat kommunikasieteorie en metodologie betreklik veel aandag ontvang. Hierdie bevinding is baie verblydend want uiteindelik is die regverdiging van 'n universiteitsdissipline in sy fundamentele komponente, naamlik teorie en navorsingsmetodes, geleë. Die ideaal sou egter wees dat hierdie basiese komponente 'n nog groter plek moet inneem; dit geld veral vir sommige departemente.

Heeltemal op die ander pool is dit duidelik dat interpersoonlike kommunikasie, kleingroepkommunikasie, spraakkommunikasie en dergelike fasette van menslike kommunikasie na verhouding baie min aandag ontvang. Trouens, aangesien hierdie grondvorme van kommunikasie is, is dit moeilik om in te sien hoe vorms en vlakke soos massakommunikasie, beïnvloeding en skakelwerk sonder deeglike begronding in spraak- en interpersoonlike kommunikasie hanteer kan word.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

## Afgehandelde navorsing

Kommunikasiekundige projekte in die databasis van die RGN se Instituut vir Navorsingsontwikkeling vir die afgelope sewe jaar, is onttrek. (Daar is tans meer as 30 000 inskrywings in die databasis.) Alhoewel hierdie databasis nie volledig is nie, kan aanvaar word dat dit ten opsigte van graadstudie waarskynlik bykans volledig is, maar vir selfgeïnisieerde navorsing veel minder volledig is. Op hierdie afgehandelde projekte is 'n tematiese ontleding soorgelyk aan dié op jaarboeke, uitgevoer. Enkele interessante bevindinge was die volgende (vergelyk Figuur 2):

— Oor die afgelope sewe jaar is 182 projekte voltooi wat as kommunikasiekundig van aard beskryf sou kon word. As sodanig is die absolute getal projekte verrassend groot, alhoewel daar onmiddellik bygevoeg moet word dat 'n groot persentasie hiervan tot die krediet van die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN gereken moet word (vgl. veral die groot persentasie projekte oor voorligting.)


— Dit is verder opvallend dat daar oor die afgelope sewe jaar baie min navorsing oor tussengroepverhoudinge afgehandel is.

— Gegewe dat Kommunikasiekunde 'n universiteitsdissipline is wat ook op nagraadse vlak aangebied word, is dit ontstellend dat daar so min metodologiese temas in die afgehandelde navorsingsprojekte voorkom.

**FIGUUR 2**

**AFGEHANDELDE NAVORSING**

**1980 – 1987**




| | | |
|---|---|---|
| 1. | MASSAMEDIA | 67 |
| 2. | REKLAME | 36 |
| 3. | VOORLIGTING | 35 |
| 4. | INTERPERSOONLIKE/ TUSSENGROEP | 18 |
| 5. | KLEINGROEPE | 8 |
| 6. | POLITIEK/STAAT | 7 |
| 7. | ALGEMEEN | 5 |
| 8. | ORGANISASIE | 3 |
| 9. | METODOLOGIE | 2 |

## "Navorsingstatus" van kommunikasiekundiges

Kyk ons na die "status van 'n vakdissipline en die navorsers daarin, kan verskillende indikatore gebruik word. Een stel indikatore sou wees om na beurse en navorsingstoekennings deur die RGN gemaak, te kyk. (Hierdeur word nie geïmpliseer dat navorsers nie uit ander bronne ook befonds word nie — inteendeel.) Immers, bepaalde standaarde geld in die toekenning van sodanige beurse en navorsingstoekennings. Die portuurgroep dien as beoordelaars en vergelykings met ander vakke is moontlik. Natuurlik is dit nie 'n perfekte sisteem of stel kriteria nie, maar dit kan aanvaar word dat probleme wat meer voorkom ook ten opsigte van ander dissiplines geld.

Vir doeleindes van hierdie oorsig is eerstens gekyk na die aantal honneurs- en magistergraadbeurse vir 1987 en tweedens is gekyk na die aantal doktorsgraadbeurse en ander groter navorsingstoekennings wat oor die afgelope vier jaar deur die RGN hanteer is.

*Honneurs- en Magistergraadbeurse:* Honneurs- en magistergraadbeurse word deur die RGN op grond van die prestasie in die voorafgaande eksamen in die betrokke dissipline toegeken. Vir 1987 was die kwalifiserende punt 71% vir honneurs-




Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

beurse en vir magisterbeurse 67%. In totaal is 1269 honneursbeurse en 1093 M-beurse toegeken. Hiervan was ses en veertien onderskeidelik in Kommunikasiekunde. Daar sal waarskynlik eenstemmigheid wees dat hierdie tog wel 'n betreklik skamele oes was.

*Ander toekennings:* Doktorsgraadbeurse en ander tipe navorsingstoekennings van die RGN word op grond van portuurevaluasie deur dissiplinegerigte hoofkomitees wat byna uitsluitlik uit akademici bestaan, oorweeg. Kommunikasiekunde is saam met Sielkunde in een komitee verteenwoordig. Tans dien daar drie kommunikasiekundiges op hierdie komitee. Slegs twee stelle kriteria geld in die oorweging van die beurse en toekennings. Eerstens word gekyk na die navorsingsrekord van 'n applikant en tweedens na die wetenskaplike houdbaarheid van die navorsingsvoorlegging.

Wat is die rekord van Kommunikasiekunde oor die afgelope vier jaar? Die gegewens is in die volgende figuur weergegee.

**FIGUUR 3**
**AANSOEKE OM NAVORSINGSTOEKENNINGS VOOR DISSIPLINEGERIGTE HOOFKOMITEES: 1984 – 1988**




Die beeld wat uit dié ontleding na vore kom, is eweneens betreklik bedroewend. Oor die afgelope vier jaar het hierdie komitee naamlik 324 toekennings oorweeg, waarvan 35 in Kommunikasiekunde was; uiteindelik is 14 goedgekeur. Uiters konserwatief bereken blyk dit dat daar gedurende die tyd een aansoek per vier dosentjare ingedien is. Indien aangeneem word dat in die tyd doktorsgraadstudente onder die 35 aansoeke ingesluit was, sien die prentjie daar nog slegter uit. Alhoewel ek nie hier in besonderhede wil ingaan nie, is die suksespeil van kommunikasiekundiges laer as dié van sielkundiges in dieselfde komitee.

## Enkele gevolgtrekkings

Vooraf het ek probeer aantoon dat sommige fundamentele probleme in Suid-Afrika van vandag 'n kommunikasiekonnotasie bevat. Tewens het ek geargumenteer dat, altans konseptueel beskou, Kommunikasiekunde in beginsel sinvolle bydrae tot die bestudering van hierdie probleem behoort te kan lewer.

Gedagtig aan die geskiedenis van Kommunikasiekunde en in die lig van die eenvoudige ontleding van enkele indikatore van die aard en stand van Kommunikasiekunde en -navorsing in Suid-Afrika kan enkele afleidings en suggesties gemaak word.

— Kommunikasiekunde is reeds streng gevestig in die universiteitsbestel van Suid-Afrika. Dit blyk onder andere in die aantal afgestudeerde studente, die aktiwiteite van *SAKOMM* en die lewensvatbaarheid van *COMMUNICARE* asook die ander twee vaktydskrifte, naamlik *COMMUNICATIO* en *ECQUID NOVI.*

— Ten opsigte van die kwessie van vaktydskrifte ontstaan die vraag, terloops, of die dissipline nie beter gedien sou word indien die drie tydskrifte in één gekonsolideer word nie.

— Kommunikasiekunde aan ons universiteite loop die gevaar om sy regverdiging as universiteitsdissipline te verwater indien daar nie meer aandag aan fundamentele aspekte soos teorie en metodologie gewy word nie. Hierin lê die wese van 'n vakdissipline soos byvoorbeeld blyk uit die beredenering in SANSO 115. En tog, hierdie



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

aspekte word tans veral op navorsingsvlak skynbaar verwaarloos. Natuurlik is dit só dat heelwat literatuuroorsigte verskyn, maar min daarvan is meer as chronologiese opsommings. Andersyds is dit opvallend dat heelparty konseptuele bydraes eerder vereenselwigings met algemene aanvaarde westerse liberale waardes is, as wat dit die resultaat van indringende teoretiese en/of empiriese analise is. Rasionalisering en/of regverdigings was nog nooit substitute vir deeglike wetenskaplike navorsing nie.

— Alhoewel vryheid van keuse van onderwerp in onderrig en navorsing altyd gerespekteer moet word, ontstaan die vraag tog wel of daar nie meer toespitsing op kernprobleme nodig is nie. Is te veel van ons kursusse en navorsing nie irrelevant nie, selfs ook vanuit 'n wetenskaplike oogpunt beskou? Hoe kan ons nagraadse studente oplei indien deeglike begronding in navorsingsmetodologie ontbreek. . . as ons self nie (veel) navorsing doen nie!

— Die vraag ontstaan ook of massakommunikasie nie heeltemal oorbeklemtoon word ten koste van byvoorbeeld interpersoonlike kommunikasie nie. Alhoewel die spesifieke inhoud van kursusse en navorsingsprojekte nie opnuut vir hierdie bydrae nagegaan is nie, bestaan die indruk nogtans dat veel op die breë terrein van massakommunikasie van 'n betreklik oppervlakkige en algemene aard is. Enersyds mag dit verklaarbaar wees uit die aard van die onderwerp, maar andersyds mag dit ook 'n weerspieëling van te min aandag aan navorsingsmetodologie wees. Dié stand van sake ten opsigte van massakommunikasie mag moontlik ook verband hou met die verwaarlosing van spraak en interpersoonlike kommunikasie. Immers, daar bestaan wye aanvaarding onder teoretici dat die bestudering van massakommunikasie 'n deeglike kennis van interpersoonlike en spraakkommunikasie voorveronderstel.

— Te min akademici (in departemente van Kommunikasiekunde) is daadwerklik en aktief betrokke in navorsing.

Voorgaande gedagtes verwys na die wetenskaplike karakter van ons dissipline. Dit behoort te dien as lanseerplatform vir bydraes tot die bestudering van probleme soos in die eerste gedeelte van hierdie bydrae geïdentifiseer. Immers, dit is dié regverdiging vir susterdissiplines se betrokkenheid op hierdie aktuele gebiede. So 'n fundamentele oriëntasie sal ook daartoe bydra dat ons die kompleksiteite van probleme na waarde skat.

## Toekoms

Kommunikasie het 'n lang verlede, maar Kommunikasiekunde het 'n betreklike kort geskiedenis. Alhoewel daar reeds veel bereik is, is daar nog veel meer wat gedoen moet word. Ten slotte volg hier dan 'n paar gedagtes oor die toekoms:

— Daar bestaan min twyfel oor kommunikasie in die toekomstige Suid-Afrika steeds belangriker gaan word. Ongeag hoe die saak ontleed word, staan dit vas dat tot tyd en wyl waaragtige kommunikasie tussen die verskillende bevolkingskategorieë plaasvind — op makro- sowel as meso- en mikrovlakke — sal die konflik in Suid-Afrika nie op ('n vir almal) aanvaarbare wyse beredder kan word nie. Vir 'n dissipline soos Kommunikasiekunde kan daar nie 'n groter uitdaging bestaan nie.

— Die behoefte aan grondige kommunikasiekundige insette in die aanpak van eietydse probleme, sal beslis in die toekoms groei.

— Indien kommunikasiekundiges in die loop van die volgende, sê vyf jaar, nie daadwerklik op aktuele probleme soos dié wat vroeër geïdentifiseer is, konsentreer nie, sal sodanige bydraes gewoon van susterdissiplines verkry word. Hierdie tendens is alreeds waarneembaar, en kan besonder demotiverende gevolge vir jong kommunikasiekundiges hê.

— Die toekoms van die dissipline en daarom ook op 'n beskeie manier van Suid-Afrika is in die hande van mense soos lede van SAKOMM en vakverenigings soos SAKOMM en ek het die opregte hoop dat die kommunikasiekundiges hulleself hierin sal oortref — vir die heil van die vak, maar meer belangrik vir die heil van ons land.

## Verwysings

Human Sciences Research Council (1985).



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

*The South African Society: Realities and future prospects.* New York: Greenwood Press.
Marais, H.C. 1987. *On social change in South Africa.* Referaat gelewer by RGN-IIAS Simposium 15-17 Mei 1987, in München.
Marais, H.C., Conradie, D.P., De Beer, A.S., Fourie, P.J., Groenewald, H.J. & Stewart, G. 1985. *Kommunikasie in 'n verdeelde samelewing.* Pretoria: RGN.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).